



9. MAYA

Aanbeveel vir graad 9 Eerste Addisionele Taal

Vooraf

Preluister

Gesels oor metafore van die liefde.

Wat beteken dit om iemand te “lees”? Waarom sal jy iemand soms nie kan “lees” nie?

Wat beteken dit as elkeen van ons “ons eie wysie” sing?

Wat beteken dit as daar 'n “winter” in 'n verhouding is?

Tydens luister

- Wie is die aangesprokene?
- Kom daar enige rym of halfrym voor?

Maya deur Deon Meiring

ek dink nog aan daai aand
in Spruitstraat se garage
soms moet jy al jou wense prysgee
in ruil vir nog 'n kans

het ek jou dalk misgelees?
ek wonder hoeveel moet ek gee
want my waarheid
kom soms moeilik uit
en die lewe is geneig
om aanhoudend te gebeur

sê my gou weer
hoe jou wysie begin
ek probeer nog heeltyd
om jou te sing
Maya sê my hoe jy klink
tel my in jou ritme in

al sou die note sterf
ek is klaar met jou vervleg
en op die rand van al jou snikke
loop die lewe soms ook reg

ek asem nog die winter in
ek hoor nog hoe die band begin
ek voel nog hoe die nag saamsing
teen ons vrese in
dis hoe jy in my weerklink

sê my gou weer
hoe jou wysie begin
ek probeer nog heelyd
om jou te sing
Maya sê my hoe jy klink
tel my in jou ritme in

ek sal aanhou soek
laat my toe om jou te vind
ek probeer nog heelyd
om jou te sing
Maya sê my hoe jy klink
sing my in jou ritme in

Postluister: vrae

1. Vir wie is hierdie liedjie geskryf? (1)
2. In watter ruimte was die spreker toe hy daardie aand spesifiek aan haar gedink het?
Waarom was hy daar? (2)
3. Klink dit of die spreker en aangesprokene by mekaar is? Motiveer jou antwoord deur
TWEË aanhalings uit die gedig. (3)
4. Beskryf in jou eie woorde wat dit vir jou beteken as jy die frase hoor “die lewe is geneig
om aanhoudend te gebeur”. (1)
5. Die liedjie is vol metafore. Watter antwoord PAS?
Wanneer die spreker sê hy probeer om haar “te sing”, bedoel hy eintlik dat:
 - a) hy probeer byhou terwyl sy sing.
 - b) hy harder as sy probeer sing.
 - c) hy probeer om te verstaan wat sy sing.
 - d) hy probeer om haar te verstaan. (1)

6. Watter antwoord pas NIE? Wanneer die spreker sê: “tel my in jou ritme in”, bedoel hy eintlik dat:
- a) sy hom moet raaksien.
 - b) sy harder moet tel.
 - c) sy hom 'n kans moet gee. (1)
7. Watter woord in die liedjie sê vir ons dat die aangesprokene hartseer is? (1)
8. Kies die regte woord tussen hakies:
Daar word na die woorde van 'n liedjie as die (limerieke/lirieke) verwys. (1)
9. Wanneer, dink jy, skryf jy vir iemand 'n liedjie? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)
10. Watter TWEE instrumente is die hoofinstrumente van die liedjie? (2)
11. Stem jy saam met die stelling dat hierdie liedjie een van hoop is? Motiveer jou antwoord met TWEE aanhalings uit die liedjie. (3)
12. Daar is 'n frase of twee wat deurlopend herhaal word.
- 12.1 Wat noem ons dit? (1)
 - 12.2 Waarom vind daar herhaling in 'n liedjie plaas? (1)

TOTAAL: 20